

Woensdag 2 Augustus

Skrifgedeelte: Filippense 3:7-16

Fokusgedeelte: Filippense 3:12-14

'n Dankbaarheidslewe verg inspanning

Ons moet koers hou, rigting hou! So sê Paulus in vers 16. Ons moet die regte pad loop. Ons moet net onthou: dit is nie ons eie koers, ons pad en rigting nie. Dit is die pad wat die Here self aanwys.

Paulus deel nou hier uit sy eie lewe en lewensondervinding wat dit inhou om op die pad, op die weë van die Here te bly.

Eerstens gaan dit daaroor om te besef wat die belangrikste is, of eerder Wie die belangrikste is. Alles wat eers belangrik gelyk het, is nou waardeloos. Want daar is Een wat alles in waarde oortref – Jesus Christus. Paulus leer ons: Ons moet alles kan prysgee en verwerp om Hom, die Enigste te hê. Die besef dat ons voor God geregverdig is, vrygespreek is deur Jesus Christus se werk, dit het die hoogste en enigste waarde.

Wanneer ons dit besef het, volg daar inspanning. Alles is deur die geloof. Sonder geloof sou ons geen waarde of waardebesef hê nie. Maar deur die geloof span ons onself in. Waarvoor? Om Christus te ken, die krag van sy opstanding self te beleef, aan sy dood gelykvormig te word (die sonde afsterf) en vir Hom te leef (nou en vir ewig) – vers 10, 11.

Elke dag moet ek hierna gryp, dit najaag soos 'n wedloop. Hoe? *Ek los wat agter is en strek my uit na wat voor is.* Dis inspanning deur die geloof. Los wat agter is – die leuens, waardelose bates, sonde. Strek uit na wat voor is – die lewe in en deur Christus!

Sing: Psalm 71-1:1, 2

Ds. MH le Roux (Marco) (Reitz/Lindley)